**NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 25 JUNIE 2025 OM 10:00**

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

**RAADSLEDE:**

Bess, D G (DA)
Gaika, M F (EFF)
Jooste, R J (DA)
Nel, M (DA)
Ngozi, M (ANC)
O'Kennedy, E C (DA)
Papier, J R (GOOD)
Penxa, B J (ANC)
Pieters, C (ANC)
Pypers, D C (DA)
Smit, N (DA)
Soldaka, P E (ANC)
Van Essen, T (DA)
Vermeulen, G (VF+)
Warnick, A K (ANC)
White, G E (PA)
Williams, A M (DA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronbestuur, me S de Jongh
Komitee beampte, me S Willemse

## 1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare.

Die Direkteur: Beskermingsdienste open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het.

## 2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle I S le Minnie, C Fortuin, A M Booysen en die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche.

## 3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

### 3.1 AFSKEIDSBOODSKAP AAN DIREKTEUR: BESKERMINGSDIENSTE

Die Uitvoerende Burgemeester spreek namens Swartland Munisipaliteit formeel dank uit aan die Direkteur: Beskermingsdienste vir sy jarelange toegewydheid en lojale diens aan die munisipaliteit. Waardering word uitgespreek vir die waardevolle lesse wat oor

die jare geleer is en vir die positiewe werksverhouding wat ontwikkel het. Die Uitvoerende Burgemeester sluit af met goeie wense vir mnr Humphreys se aftrede.

## 4. SAKE VIR BESPREKING

### 4.1 ONREëLMATIGE UITGAWES – NOODMAALTYE VERKRY GEDURENDE DIE RIVERLANDS RAMP EN 'N TRANSAKSIE VIR BRANDSTOF BY YZERFONTEIN VIR RIOOLVRAGMOTOR, CK 56674 (5/15/1/5)

Die verslag bevat besonderhede insake onreëlmatige uitgawes waarmee daar, ingevolge die vereistes van Artikel 32 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA), gehandel is.

Die onreëlmatige uitgawes wat deur bestuur deur interne beheermaatreëls geïdentifiseer is, is soos volg:
- Uitstaande Malmesbury Superspar-rekening = R35 221-35.
- Uitstaande Yzerfontein Vulstasie = R5 346.15

Die finale gevolgtrekking en aanbeveling is op 12 Junie 2025 deur die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) oorweeg.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

(a) Dat die Hoof Finansiële Beampte gemagtig word om die uitstaande fakture van Malmesbury Superspar en Yzerfontein Vulstasie ten bedrae van onderskeidelik R35 221.35 en R5 346.15 te betaal, aangesien die Munisipaliteit reeds die dienste (noodmaaltye en brandstof) ontvang het en aanspreeklik is vir die dienste wat gelewer is ingevolge die *Turquand*-reël;

(b) Dat die uiteindelike onreëlmatige uitgawes van R35 221.35 en R5 346.15 (as gevolg van voormelde betaling) as oninbaar afgeskryf word, aangesien die Munisipaliteit die onderskeie dienste ontvang het en daar geen verliese gelei is nie;

(c) Dat die amptenare betrokke by die verkrygingsprosesse dienooreenkomstig die noodgeval/praktiese uitvoerbaarheid in daardie tyd opgetree het en die "nie-nakoming" nie te wyte is aan opsetlike of growwe nalatigheid of as gevolg van bedrog of ander opsetlike oneerlikheid nie;

(d) Dat geen verdere ondersoeke met betrekking tot hierdie aangeleentheid nodig geag word nie.

### 4.2 DONASIES AAN DIE DIEREBESKERMINGSVERENIGING (SPCA): ONREëLMATIGE UITGAWE SOOS UITGEWYS DEUR NASIONALE TESOURIE IN MFMA OMSENDBRIEF 131 (5/15/1/5)

Die aangeleentheid word breedvoerig bespreek, met uiteenlopende sienings oor die afskrywing van die onreëlmatige uitgawe en die interpretasie van die toepaslike wetgewing.

Rdl P E Soldaka spreek sy kommer uit oor die onreëlmatige uitgawe wat verband hou met betalings aan die SPCA. Terwyl die waarde van die diens erken word, maak hy beswaar teen die aanbeveling om die besteding sonder gevolge af te skryf.

Die Munisipale Bestuurder reageer en verwys na die veranderende interpretasie van bepalings in die MFMA. Hy beklemtoon die volgende:

- Dienste van instellings soos die SPCA, toerisme-agentskappe en Telkom is histories nie as goedere of dienste beskou nie.

- Die nuwe interpretasie deur die Ouditeur-Generaal vereis terugwerkende toepassing tot 2008.

- Om ’n regsmening in te win mag as vrugtelose uitgawe beskou word aangesien die munisipaliteit wel waarde vir geld ontvang het.

- Omsendbrief 131 en Artikel 67 sal nou toekomstige prosesse rig, wat moontlik formele tenderprosedures sal vereis.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O’Kennedy, gesekondeer deur rdl A M Williams)

(a) Dat die onreëlmatige uitgawe (sedert 2008/2009 tot 2024/2025) van R3 947 869 as ‘n uitgawe in die finansiële state behou word, aangesien geen verliese gelei is nie;

(b) Dat die gebruikersdepartement en amptenare binne die operasionele vereistes van die Munisipaliteit opgetree het om ‘n diens aan die gemeenskap te lewer en dat die onreëlmatige uitgawe nie te wyte is aan opsetlike of growwe nalatigheid of as gevolg van bedrog of ander opsetlike oneerlikheid nie;

(c) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die afskrywing van die onreëlmatige uitgawe van
R3 947 869,00 aangesien die amptenare te goeder trou opgetree het en die Munisipaliteit geen verliese gelei het nie en dat geen verdere stappe deur die gebruikersdepartement met betrekking tot hierdie saak geneem kan word nie;

(d) Dat geen verdere ondersoeke met betrekking tot hierdie aangeleentheid nodig geag word nie.

**GETEKEN:**
**SPEAKER**